

12 AUGUSTUS

Skrifgedeelte: Psalms 66

Fokusgedeelte Psalms 66:18

Besoedelde harte blok gebede

Die opskrif in die OV is Loflied na Lyde. Die digter wil die verhoring van die Here besing. Die Here het hom gehoor en verhoor. Baie keer bid en vra ons maar dit is asof daar 'n hindernis is tussen ons en God.

Baie keer wil ons wegval en bid maar daar is eers iets anders wat ek moet doen. Calvyn sê die regte en goeie manier om 'n gebed te begin is om vergifnis van ons sondes te vra. Die psalmdigter sê in vs 18 As ek ongeregtheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie.

Ons dink nie dikwels aan die dinge wat nog verkeerd is in ons lewe nie. Miskien is ons te besig, miskien is ons te ongevoelig vir alles wat ons verkeerd doen. Belydenis van ons skuld is miskien een van die moeilikste dinge vir 'n mens. Ons wil so maklik verduidelik, ons sondes minimaliseer, die skuld op ander plaas... Belydenis is om verkeerd, verkeerd te noem voor die Here.

Solank ons op hierdie aarde leef sal daar sonde in ons lewe wees. Solank ons volhard in hierdie sonde, dit koester en dit nie bely, solank sal die weg na God besoedel wees. Gebed is die ernstige begeerte van die hart wat die oor van God soek, nie die ore van mense.

God ken ons en ons harte, laat ons bely sodat ons ook die verhoring van die Here kan besing.

Ds Paul Lubbinge (Mosselbaai)